# *Monocymbium ceresiiforme*

E: Boat grass, wild oat grass
A: Bootjiegras, wilde hawergras

Kom voor in hoog liggende grassland-area in sanderige grond met hoë reënval. Dit dui suur grond aan.
Die gras is meerjarig (groei minstens vyf seisoene), eetbaar vir diere wanneer groen, is klimaksgras.

In die somermaande is dit moeilik, om hierdie gras tussen al die ander groen grasse waar te neem, omdat:
Dit vorm nie groot en sterk graspolle nie.
Dit word slegs 40 tot 50 cm hoog.

Die bloeisels en sade is weggesteek in ‘n soort blaarskede, dus moeilik om te sien.

In laat somer verkleur die gras na roesrooi en staan so uit tussen die andersins strooigeel grasse. Dikwels lyk dit of dit deur bees bewei is, maar dan sien jy die grasgedeeltes met die saadare langs die plant lê, dis **muise** wat die plant bewei!

Inligtingsbronne: Coleen Mannheimer (Thank you!)
Guide to Grasses of southern Africa (Frits van Oudtshoorn)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Julie 2021